

Dinsdag 14 Mei

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:22-33
(1933/53-vertaling)**

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:25-27

Christus se opofferende liefde vir sy kerk

In hierdie brief word gewys op God se bedoeling met sy kerk op aarde. Ons lees: ... *met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig* ... (Ef. 1:10). Christus is die Hoof van sy kerk en alle gelowiges word as 'n eenheid daarin saamgebring.

Paulus wys op die verhouding tussen Christus en sy kerk as 'n groot verborgenheid, geheimenis (vs. 32). Wanneer Paulus op die nuwe lewe van gelowiges wys, wys hy in hierdie gedeelte wat die riglyne van 'n nuwe lewe in die huwelik moet wees. Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik verduidelik hy met die tema van Christus se selfopofferende liefde vir sy kerk.

Waarin word Christus se liefde vir sy kerk gesien? Hy het Homself oorgegee ter wille van sy kerk. Hierdie opoffering, oorgawe word met die volgende woorde beskrywe: liefhê, oorgee, heilig, reinig en by Hom neem. Dit het plaasgevind deurdat Hy ons sondeskuld weggeneem het.

Hierdie reiniging vind plaas met die water en die Woord. Die prediking van die Woord het 'n uitwerking op hulle wat die Woord toe-eien: hulle word deur die Inhoud daarvan (Christus) gereinig. Die doop is die teken van die reiniging deur die Woord.

Dit wat Christus vir sy kerk gedoen het, kom na vore in hoedat die man sy vrou in die huwelik moet hanteer: liefhê, voed en versorg. Dit is immers wat Christus vir sy kerk doen!

Christus se liefde het 'n uitwerking op die kerk. Soos die vrou aan haar man onderdanig is, is die kerk aan Christus onderdanig. Christus se liefde laat die kerk soos 'n bruid in heerlijkheid skitter.

Die kerk vind besondere troos in Christus se opofferende liefde. Ons word opgeroep om in liefde gehoorsaam te wees aan sy wil. Die proses van heiligmaking deur die Heilige Gees laat die kerk meer toeneem in heerlijkheid en skoonheid tot met die wederkoms wanneer Christus sy Bruid tot in ewigheid by Hom sal neem.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 3

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)